Beeld BABA van die jaar 2022

# Skryf jou baba in en stem só

Hierdie kompetisie duur van 8 Junie vanjaar tot 15 Maart 2023.

Die baba moet jonger as 12 maande wees om te kan deelneem. Die keuse berus by jou vir watter maand jy jou baba wil inskryf, solank die baba nog nie sy/haar eerste verjaardag gevier het voor/op die sluitingsdatum vir die betrokke maand waarvoor julle inskryf nie.

'n Baba mag net een keer inskryf. Babas wat nie in die maand waarvoor hulle ingeskryf het, gepubliseer is nie en teen die volgende maand se sluitingsdatum nog jonger as 12 maande oud is, se inskrywing kom outomaties weer in aanmerking.

1. Verstrek die volgende in 'n Word-dokument:
a) Die baba se naam en van
b) Die baba se geboortedatum
c) Die geslag van die baba
d) Die baba se ouers se name en vanne
e) Ouers se kontakbesonderhede (e-posadresse en kontaknommers)
f) Woonadres
2. Antwoord die volgende vrae in dieselfde Word-dokument:
a) In watter hospitaal is die baba gebore en hoe laat?
b) Hoe het julle op jul kleinding se naam besluit?
c) Vertel iets interessants of spesiaals van die baba se geboorte/geboortedag.
d) Hoeveelste kind is dit in die gesin?
e) Wat is jul droom vir jul baba?
3. Heg 'n duidelike kleur- of swart-en-wit gesigfoto van die baba aan in jpeg-formaat. Foto moet 'n minimum van 1 MB wees. In die geval van 'n tweeling (of meerlinge) moet steeds slegs een foto gestuur word waarop al die babas verskyn.
4. E-pos inskrywings na babas@beeld.com. Tik die naam en van van die baba, asook die blok waarvoor julle inskryf, in die onderwerplyn.

**Só werk die stemproses**

Wanneer 'n baba se foto in die koerant verskyn, kan lesers vir hul gunstelingbaba stem deur:

■ **PROSES 1 (elke SMS tel 1 punt)**
SMS BABA, gunstelingbaba se naam en van, jou naam en van, waar jy woon en e-posadres na 35986.

Die SMS-lyn sal oop bly soos per die skedule ("Belangrike datums – sluitingsdatum vir stemme"). Lyn sluit om 12:00. Elke SMS kos R1,50. Gratis SMS'e geld nie en foutiewe SMS'e sal verreken word.

SMS-voorbeeld: BABA, Dian Zietsman, Tanya Schoeman, Randburg, tanya.schoeman@media24.com.

Deelnemers aan die kompetisie deur middel van stemproses 1 verleen met die gebruik van die SMS-stemme toestemming aan *Beeld* en sy borge om by geleentheid sy produkte en/of dienste aan hulle te bemark.

Sou 'n baba vir 'n tweede keer gepubliseer word, sal SMS-stemme reeds ontvang nie in aanmerking geneem word nie.

■ **PROSES 2 (elke stem tel 5 punte)**
Ekstra koerantstemme vir 'n baba kan op die dag van publisering by Tanya Schoeman aangekoop word (tanya.schoeman@media24.com). *Beeld* sal die koerante aan 'n organisasie van sy keuse skenk. Sou 'n baba vir 'n tweede keer gepubliseer word, sal koerantstemme reeds aangekoop wel in ag geneem word.

■ **PROSES 3 (elke stem tel 5 punte)**
Stuur oorspronklike foto van die baba wat in Beeld gepubliseer word na: Baba van die Jaar, Beeld Bemarking, 2de Vloer, 272 Pretorialaan, Ferndale, Randburg, 2194.

Stemme kan ook in 'n koevert by Beeld se kantoor in Johannesburg afgelewer word: Baba van die Jaar, Beeld Bemarking, 2de Vloer, 272 Pretorialaan, Ferndale, Randburg, 2194.

Sou 'n baba vir 'n tweede keer gepubliseer word, sal stemme reeds ingestuur in die eerste publikasie nie in ag geneem word nie.

Dit bly die persoon wat stem, se verantwoordelikheid om stemme betyds in te dien en Beeld aanvaar geen verantwoordelikheid vir laat stemme nie. Laat stemme sal nie in aanmerking geneem word nie.

Dieselfde prosedure geld vir babas wat buite Beeld se verspreidingsgebied val en wil deelneem. Jy kan soveel keer stem as wat jy wil.

Die baba met die meeste punte vir die maand sal as die wenner aangewys word.

## Maart-groep se babas

**Hier is die Maart-groep skattige babas in *Beeld* se Baba van die Jaar-kompetisie 2022. Groot pryse is op die spel, soos beddens van Sealy, swemlesse van die Kiddies Aqua Swimming Academy en geskenkpakke van onder meer Bennetts en 4aKid. Vir meer inligting oor pryse en voorwaardes, besoek *Beeld* se Facebook-blad.**



**Alexander Carl Bantjes van Centurion is op 13 Februarie 2022 gebore.**



**Alexander Tobias Bekker van Vaalpark is op 7 Februarie gebore.**



**Alora Hope & Kiera Grace Slabbert van Vanderbijlpark is op 9 Januarie 2022 gebore.**



**Ameli Nel van Alberton is op 22 Januarie 2022 gebore.**



**Arlo Gideon Cronjé van Potchefstroom is op 20 Maart 2022 gebore.**



**Avenay de Beer van Boksburg is op 15 Maart 2022 gebore.**



**Elleia Hallaby van Parys is op 19 November 2021 gebore.**




**Ilané Knoetze van Akasia is op 9 Februarie 2022 gebore.**



**Janu Pelser van Krugersdorp is op 18 Februarie 2022 gebore.**



**Johannes Jacobus Koen van Benoni is op 1 Maart 2022 gebore.**



**Louwrens Janse van Rensburg van Standerton is op 20 Januarie 2022 gebore.**



**Mialé Claire van Wyk van Ermelo is op 17 Februarie 2022 gebore.**



**Nevaeh van der Merwe van Kimberley is op 31 Maart 2022 gebore.**



**Noah Christiaan Miln van Richmond is op 25 Maart 2022 gebore.**

## Babawinkel wil beste gehalte bied



4aKid is 'n bekroonde aanlyn babawinkel wat deurgaans daarna streef om een van die beste babawinkels in die land te wees.

Hulle bied die beste gehalte in baba-, kleuter- en kinderprodukte saam met puik kliëntediens en vinnige versending. Só maak 4aKid die lewe makliker en eenvoudiger vir besige ouers. 4aKid se fokus is op die kleinspan en hul veiligheid en geluk is van uiterste belang.

Daarom is hul missie om te verseker dat hul kinderveiligheidsprodukte bekostigbaar is en ook beskikbaar is aan ouers landwyd. 4aKid wil ook bewustheid skep van kinderveiligheid, of dit nou tuis is, terwyl hulle eet, in die bad, die tuin, die motor, in die swembad is of sommer net terwyl 'n mens daagliks rondbeweeg.

■ Vir meer inligting, besoek die webwerf 4akid.co.za.

## Groot vertonings deur Ollie die Nar



Ollie die Singende Nar is bekroon met 'n "African Excellence Award" vir die vermaaklikste singende hansworс in Suid-Afrika vir 2022.

Ollie gaan van Augustus tot November vanjaar met sy eenwielfiets van Pretoria tot in Kaapstad ry en 60% van die inkomste gaan aan liefdadigheid geskenk word.

Op sy reis gaan hy 15 groot vertonings lewer.

■ Bel Pieter Vorster by 061 030 3902 of 083 694 1479. Vir meer inligting, besoek die webwerf olliedienar.co.za.



## Iets vir almal by TO Strand

Moenie verder soek as TO Strand vir die perfekte gesinsvakansie langs die see nie.

TO Strand het die ideale stukkie semi-private strand, gepatrolleer deur lewensredders gedurende naweke en vakansieseisoene. Geniet 'n swem in die vars seewater en voel die warm sand onder jou voete.

Ontspan en koel af langs ons swembad of geniet ons reeks gesinsgeriewe, insluitend minigholf, tafeltennis en wandelroetes.

Kampering is beskikbaar met moderne ablusiegeriewe wat daagliks skoongemaak word of geniet ons selfsorg-chalets met of sonder see-uitsig. By TO Strand het ons iets vir almal.



## Leer so gou as moontlik swem

Om te kan swem is 'n belangrike lewensvaardigheid en dit is noodsaaklik dat ouers hul kinders so gou moontlik vir swemlesse neem.

Dit is nie net 'n lewensreddende geskenk nie, maar swem is ook baie goed vir jong kinders se motoriese ontwikkeling.

In Suid-Afrika verdrink daar elke dag gemiddeld twee kinders onder die ouderdom van vyf jaar. Daar vind elke dag 'n gemiddeld van 15 noodgevalle van amperse verdrinking plaas in hierdie ouderdomsgroep.

Volgens LifeMed911 is verdrinking die naasgrootste oorsaak van toevallige dood in Suid-Afrika, waarvan kinders onder die ouderdom van vyf jaar die grootste deel uitmaak.

Vir Lizette Botha en haar span by die Kiddies Aqua Swimming Academy is dit daarom belangrik dat hulle eers fokus op waterveiligheid voordat hulle die jong swemmertjies verskillende swemstyle begin aanleer.

Die Kiddies Aqua Swimming Academy is die grootste swemskool vir babas en kleuters in Suid-Afrika en met sy gespesialiseerde swemprogramme maak hy duisende babas en kleuters elke jaar waterveilig. Al sy takke landwyd beskik oor spesialis-baba- en kleuterswemafrigters.

Sy leer-om-te-swem-program vir ouderdomme twee tot ses jaar fokus op drie fases. In die grondslagfase fokus hy op waterveiligheid en gemaklikheid met water. In die tussenfase fokus hy op die vestiging van al vier swemslae en in sy gevorderde fase skuif die fokus na die voorbereiding vir mededingende swem en kompetisies vir wanneer die jong swemmertjies die laerskool betree.

Ook volwassenes wat wil leer swem of 'n bietjie wil skaaf aan hul swemstyle, kan by hom aansluit.

■ Besoek kiddiesaqua.co.za vir meer inligting.

## Skaapwolpantoffels net die ding

Nie net maak LenéShoes die mooiste babaskoene, fopspeen-bandjies en baba-benodigdhede nie, ons sorg ook natuurlik vir die mammas en pappas se voete in die winter.

Ja, ons laat maak die lekkerste warm skaapwolpantoffels. Dit is vreeslik gewild as geskenke en is vir sowel vroue as mans beskikbaar.

Dit kom net in een kleur en ons help jou ook met raad oor hoe om daarna om te sien.

Dit hou van die een winter tot die volgende een.

Kontak ons gerus. Die winter is nog geensins verby nie!





## Sealy-nagrus help groeiende lyfie

Sealy-beddens gee aan jou kind se groeiende lyfie 'n beter nagrus – wat belangrik is vir gesonde groei.

Een van die grootste mylpale in jou kind se eerste paar jaar is wanneer hulle die skuif doen van kot na bed.

Die tydsberekening van hierdie skuif hang af van jou kind se fisieke vermoëns en emosionele gereedheid.

Dit is ook belangrik om te belê in 'n "groot-kind"-bed wat jou kind se groeiende lyf sal ondersteun.

Kinders ontwikkel elk teen hul eie tempo, so moenie beplan om die skuif teen 'n sekere ouderdom te doen nie. Maar, as 'n algemene riglyn is kinders gereed om oor te skuif van ongeveer 18 maande tot drie jaar oud.

Dit kan ook aansienlik verskil tussen sibbes, so moenie verbaas wees as jou tweede kind gouer of selfs later gereed is as jou eerste kind nie.

■ Vir meer oor Sealy se reeks enkelbeddens, besoek sealy.co.za.

## Vertrou Bennetts vir die hele gesin




Bennetts-babaprodukte is al meer as 30 jaar op die mark en het 'n vertroude naam in Suid-Afrika se huishoudings geword. Al ons produkte ondergaan kliniese toetse en word aanbeveel deur dermatoloë. Daarom kan ons gerus wees dat ons reeks net die beste vir jou gesin is.

Elke produk word met deernis beplan en vervaardig om die lewe vir ouers te vergemaklik. Ons reeks fokus daarop om oplossings vir alledaagse uitdagings te bied wanneer dit by die sorg van jou baba kom. Ons Sensitive Skin Care-reeks is ideaal vir sensitiewe velletjies.

■ Vir meer inligting oor ons hele reeks, gaan loer gerus op die webwerf bennettsforbabies.co.za.



## Net so mooi soos Mamma

Little & Co se 100% suiwer linnerokke vir mammas is gemaklik, stylvol en perfek om mee te borsvoed.

Die bypassende linnepakkies vir peuters, in dieselfde materiaal, sorg vir kosbare mamma-en-dogter-oomblikke.